

INHOUDSOPGAWE

Christus en Sy kerk	1
Wat 'n wonder	5
Betekén iets vir iemand anders!	7
Selfliefde	9
Die Bybel oor jongmense	12

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

CHRISTUS EN SY KERK

J Kamphuis

1. Jou sienswyse is belangrik!

Hoe praat ons oor die kerk? Die neiging om dit volgens mens se eie sienswyse te doen, lyk bykans onuitroeibaar. Dan praat ons oor die kerk vanuit die mens se oogpunt en godsdienstigheid. Op hierdie manier is dit maklik om allerlei moeilike kwessies rondom die kerk op te los. Oral waar ons geloof sien of meen dat geloof aanwesig is, is daar dan kerk, of veelvoud van kerke, insluitende "ons" kerk.

Maar die Bybel leer ons iets radikaal anders. Die Bybel leer ons die *sienswyse van die geloof*. Dit beteken dat ons geleer word om ons oë te rig op die Here Jesus Christus en om oor die kerk te praat as "die gemeente van God, wat Hy (Christus) deur sy eie bloed verkry het" (Handelinge 20:28).

Die Bybel leer ons altyd weer om ons oë op Christus, as God se gesalfde, te rig. Slegs dan kry ons, vanuit Christus en in gemeenskap met Hom, Sy gemeente in die oog.

Ons wys nou op hierdie noue band tussen Christus en sy gemeente wys soos ons dit orals in die Skrif vind. Ons bring net 'n paar gegewens na vore, wat almal op dieselfde waarheid



wys: eers Christus ... en daarom (onlosmaaklik aan Hom verbonde) die gemeente.

1.1 Christus is die *Hoof* en sy gemeente is sy *liggaam*, onder meer Efesiërs 1:22-23 "... en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." Vergelyk ook Efesiërs 5:23-24.

Net so ook 1 Korinthiërs 12:27: "*Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik*". Vergelyk ook die "so ook Christus" in 1 Korinthiërs 12:12! In hierdie drie woorde praat die apostel op 'n oorweldigende manier oor die *gemeente* in haar eenheid met Christus.

1.2 Maar Christus is ook die

Bruidegom en die kerk is sy *Bruid*. Vergelyk Efesiërs 5:25 en verder: "...soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor gegee het". En vergelyk ook vers 32: "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" en ook Openbaring 21:9: "Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam." Vergelyk ook die woord wat Johannes die Doper voorheen gesê het: "Hy wat die bruid het, is die bruidegom" (Johannes 3:29).

- 1.3 En verder: Christus is die *Herder* en die kerk is sy *kudde* (Johannes 10:11): "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape", asook vers 16: "en dit sal wees een kudde, een herder."

Vergelyk ook onder meer Psalm 23 en Esegïel 34:23. Hier moet 'n mens oplet na die noue band wat daar bestaan tussen die HERE, die God van die verbond, wat praat oor "my skape" (vers 6 en verder) én die 'een enkele herder', Dawid, God se kneg.

Ons mag en moet tot die volgende konklusie kom: die Bybel leer ons altyd die sienswyse van die geloof - die kerk is die liggaam van Christus, bruid van die Lam en kudde van die goeie Herder.

Buite hierdie sienswyse om raak ons wêrelds in ons praat oor die kerk! Slegs *binne* hierdie sienswyse kan ons skriftuurlik-suiwer oor die kerk praat. Die kerk is nie 'ons' kerk nie, maar *Christus* kerk en daarom: God se kerk.

2. Christus is 'n ewige Koning

Daar is nog 'n plek in die Skrif wat ons die nou verband, die lewensband, tussen Christus en sy kerk leer. Christus is ook die Here God se gesalfde Messias. As Seun van Dawid is Hy die koning van sy volk.

Die volgende Psalms teken Hom so: Psalm 2, Psalm 72, Psalm 89:20 en Psalm 110.

Hy word so deur die engel aangekondig aan Maria. Lukas 1:32,33: "...en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie."

Sy self-aankondiging kan ook hier genoem word: "Ek is die wortel en die geslag van Dawid" (Openbaring 22:16, en vergelyk ook Openbaring 5:5).

Die gereformeerde belydenis verwoord op 'n pragtige manier die lewensband tussen Koning en (die gekoopte) volk, as in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem word: "want Christus is 'n ewige Koning, wat nie sonder onderdane kan wees nie."

Wie die kerk nie vanuit haar noue band met Christus bekyk nie, maak die kerk tot 'n menslike instelling

Die onbreekbare band tussen die Koning en sy onderdane lê vas in God se ewige en genadige verkiesing. Vergelyk Efesiërs 1:4: "Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld." Hierdie lewensband plaas die kerk in die magtige samehang van God se liefde, wat deur al die eeue heen, in sy Seun tot die wêreld uitgegaan het (vergeelyk Johannes 3:16). "God het sy Seun" in "die volheid van die tyd" gebore laat word "uit 'n vrou" ... dit is Christus (Galasiërs 4:4).

Daarom moet ons ook die hoofstuk oor die goeie Herder (Johannes 10) lees teen die agtergrond van wat Johannes ons leer in sy Inleiding (die sogenaamde Proloog) van sy evangelie. In die

As die kerk opgewek kan word tot 'n dieper besef van die heerlikheid wat vir haar wag, sal sy ook met groter erns die stryd aanvaar waarin sy in hierdie wêreld staan.

- JH Thornwell

Inleiding word vertel van die koms van die Woord na die wêreld, wat “*in die begin*” deur Hom tot stand gekom het én oor Sy koms na sy eiendomsvolk, sy eie mense (Johannes 1:9-11): “*Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.*”

Uit die Proloog van die Evangelie volgens Johannes leer ons hoe waar dit is wat Antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus ons leer, naamlik dat die Seun van God “*...van die begin van die wêreld af tot die einde toe...*” vir Hom ’n gemeente vergader.

Opsommend: wie die kerk nie vanuit haar noue band met Christus bekyk nie, maak die kerk tot ’n menslike instelling. Maar wie die éénheid van Christus en sy gemeente raaksien en so daaroor praat, sien die wêreldwye betekenis wat dit het. Die kerk, dikwels deur mense verag en in haarself sonder enige heerlikheid, is deur God in Christus gestel as die brandpunt van die verlossing van die wêreld. Die kerk is God se oogappel!

3. Die woonplek van God in die Gees

Wanneer ons die regte sienswyse aangeleer het oor hoe ons oor die kerk moet praat, verstaan ons ook hoe ’n groot en alles-beslissende rol die Heilige Gees, die Derde Persoon van die heilige Drie-eenheid, in die kerk het.

Want ons Hoof, ons Bruidegom, ons Herder, ons Koning is ná die hemelvaart by sy Vader, maar sy belofte is en bly waar: “*Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe*” (Johannes 14:18). Dit het geblyk dat hierdie belofte waar is toe Christus die ‘*ander Trooster ... die Gees van die Waarheid*’ (Johannes 14:16-17) vanaf die Vader gestuur het. Vergelyk wat Petrus sê in Handeling 2:33: “*... en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het.*” Daarom is die kerk “*’n woning van God in die Gees*” (Efesiërs 2:22).

Hierdie Heilige Gees gaan van Christus uit, en bind ons ook weer aan Christus. Vergelyk Johannes 16:14: “*...omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.*” Hierdie “*Gees van God*” (Romeine



8:9,14; 1 Korintiërs 3:16 en Efesiërs 4:30) word dan ook die “*Gees van sy Seun*” (Galasiërs 4:6) en die “*Gees van Christus*” genoem (1 Petrus 1:11 en Romeine 8:9). Hierdie Gees van God en van Christus is baie naby aan ons, sy gemeente, tot versterking en bemoediging. Romeine 8:16: “*Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is*” en Hy rig ons geloofsaandag aanhoudend op Christus en op die groot Toekoms, Openbaring 22:17: “*En die Gees en die bruid sê: Kom!*”

Ek som op: die Gees, wat in Christus se gemeente kom woon het, leer die gemeente die sienswyse van die geloof. Die Gees laat die gemeente oor haarself praat vanuit haar band

Op die vraag “Hoe gaan ek na God?” het Horatius Bonar geantwoord: Met my sonde, want daar is niks anders wat ek regtig my eie kan noem nie.

met hierdie Christus.

4. 'n Bevrydende sienswyse

Uit die voorafgaande drie punte kan ons nou een gemeenskaplike gevolgtrekking maak:

Is dit nie *bevrydend* om oor die kerk te kan praat - alleen, uitsluitlik en altyd weer nuut vanuit die sienswyse wat die Skrif van ons vra en dit so vir ons moontlik maak: ons praat oor die kerk *vanuit* die Christus, die Seun van God. Dit is bevrydend, en laat ons daarvoor oplet dat ons oor die kerk praat terwyl ons:

4.1 met geloofsoë vir Christus in die hemel gewaar. Juis met die oog op ons gesprek oor die kerk moet ons die onderwysing van die apostel ter hart neem: “*As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie*” (Kolossense 3:1-2). Daar skyn hemelse lig oor die kerk op aarde.

4.2 Maar wanneer ons die hemel, waar Christus is, in ons ‘visier’ het, dan sien ons ook die eenheid van die geskiedenis van hierdie wêreld. Buite Christus en buite die geloof om, kan ons die eenheid nie sien nie. Maar wie Christus sien, Hy wat gestuur is om uit die gevalle menslike geslag sy gemeente te vergader, het ‘n ‘algehele oorsig’ oor die geskiedenis ontvang: ‘van die begin van die wêreld tot haar einde’ vergader Hy vir Hom ‘n kerk! Die eenheid van die geskiedenis lê vas in die eenheid van Christus se kerkversameling!

4.3 Maar hierdie sienswyse gee ook vir ons sekerheid oor die toekoms en ‘n heerlike toekomsvisie: die bruilof van die Lam kóm! God se verkiesende liefde deur sy Seun is ons waarborg, en hierdie toekoms van die kerk is op Golgota verwerf: die kerk “wat Hy deur sy eie bloed verkry het” (Handelinge 20:28)

Ons moet ewige stryd hê met daardie vrede met mense wat nie in ooreenstemming is met die vrede met God, nie.

- John Owen

WAT 'N WONDER!

JH Velema



As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Romeine 8:31

Wat is in kort die inhoud van die evangelie, en wat beteken geloof nou eintlik? Paulus vat dit in één sinnetjie saam: God is vir ons.

In die samelewing is dit belangrik as 'n invloedryke persoon in 'n saak vir ons wil voorspraak maak. Dit verleen steun en gee moed. Sonder 'n kruise kom jy nêrens, sê hulle.

Wat moet dit dan nie beteken as *God* vir ons is nie! Lees mooi: ons is nie vir God nie, maar God is vir ons. Wat 'n wonder is dit!

Die 'as' is nie 'n veronderstelling soos "as dit moontlik sou wees" nie, maar is redegewend: "omdat dit so is dat God vir ons is".

Hoe is dit moontlik?

As gevolg van die feit dat ons sondaars is, ons ons van God afgekeer het, moet God *teen* ons wees — heeltemal. Hiervoor is daar immers goeie redes?

Ons sou die sonde kon noem. Sonde het

verskeie aspekte en mens kan die sonde vanuit verskillende hoeke beskou. Maar hoe ons dit ook al wend of keer: sonde beteken dat ons teen God ingaan, sy gebod oortree, laat blyk dat ons ons eie pad loop. As ons dan konsekwent teen God is, dan moet God tog heeltemal teen ons wees?

Dan is daar ook nog die feitlike, daaglikse situasie. So baie lewe ons sonder God en by tye selfs vyande van God. Daar is by niemand enige natuurlike liefde vir God nie. Die Kategismus stel dit skerp: ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Dit is nie 'n mooi prentjie van u en van my nie, maar dit is helaas die regte beeld. Vanuit onself wil ons niks van God weet nie. Die moderne mens laat dit op allerlei maniere sien: kennis van God is totaal onbelangrik. Vir die Christen word gesê: jy kan God gerus maar dien, almal is vry, maar laat my asseblief ook vry om te doen soos ekself wil. Ek het met God niks te make nie; ek kan my sake self beredder.

Bowendien volhard ons hierin. As ons ons verset, is dit nie maar 'n tydelike gemoedstemming op 'n moeilike tydperk in ons lewe, wanneer alles teen ons is, nie. Dit is die konstante lyn in elkeen se lewe. Vanuit onself wil ons niks van God hoor nie. Ons lewe God-loos en daarom leef mense al hoe meer goddeloos. Die mens is so ver heen dat hy nie eers weet dat God teen ons is nie. Daarom lewe mense rustig. "Wat skeel dit my. God? 'n Ouderwetse begrip".

Hoe kan Paulus dan sê "As God vir ons is ...?"

Enige iets wat God se plek inneem, is op die verkeerde plek.

- A van der Puy

Dit is nou die groot wonder van God se genade en dít is nou die blye evangelie: wat ons nie kon of wil bewerk het nie, dit het God self tot stand gebring. Hy het dit 'n werklikheid gemaak dat Hy v^{ir} sondaars kan en wil wees.

Hy het dit 'n werklikheid gemaak dat Hy v^{ir} sondaars kan en wil wees.

Dit is deur God self bedink. Nie een van die mensekinders het ooit op die gedagte gekom dat God vir ons kan of wil wees nie. Dit is God se eie plan, sy heilswil, om vir sondaars te wees - sodat Satan nie kan oorwin nie, en mense behou kan word.

Dit is nie alleen deur Hom bedink nie, maar dit is ook deur Hom uitgevoer. Hy het die pad gebaan waarlangs dit moontlik geword het dat sondaars met Hom versoen kan word, sodat Hy weer heeltemal v^{ir} sondaars kon wees.

Meer as dit — Hy het ook wat Hy bedink en uitgevoer het, na die mens gebring. Hy het dit

laat verkondig, waardeur sondaars die wonderlike, verrassende, byna ongelooflike boodskap glo.

As ons dit goed bekyk, het ons hier die werk van 'n Drie-enige God. Die Vader het dit bedink, die Seun het dit uitgevoer en die Gees het die boodskap gebring en bring dit nog steeds: *God is vir sondaars.*

Dit is die grootste wonder wat bestaan. Tereg bely 'n klein mensie dit met verwondering. Dit is die diepste inhoud van die belydenis: ek het ontdek dat God vir my is.

Dit is dan ook die manier waarop ons bely: met verwondering. As dit nie meer 'n wonder is nie, is daar geen liefde, geen oortuiging nie. Leef elke dag vanuit hierdie wonder: God, die heilige God, wil v^{ir} my, onheilige sondaar, wees. Onbegryplik — maar waar!

Dit kan vir ons so natuurlik en vanselfsprekend wees dat ons in die praktyk niks meer daarvan glo nie. Maar dit is en bly 'n wonder! Hoe meer ek myself leer ken, hoe sal ek hiermee instem..

Die belydenis van slegte werke is die eerste begin van goeie werke.

- Augustinus

BETEKEN IETS VIR IEMAND ANDERS!

AP Wisse



Wat beteken jy vir 'n ander? Daar is mense wie se name bly voortleef in die geskiedenis, omdat hulle vir baie mense van groot betekenis was. Florence Nightingale en Albert Schweitzer is maar enkele van die name.

Die aantal anonieme 'weldoeners' is egter baie groter. Die vrou wat jare lank haar gestremde eggenoot met baie geduld en toewyding versorg het. Die seun wat op skool altyd opgekom het vir kinders wat geterg is. Die egpaar wat hulself met groot getrouheid toegewy het aan die opvoeding

van die outistiese kindjie wat soveel van hul tyd in beslag geneem het. Die verpleegster wat haar beroep nie net as haar werk beskou het nie, maar haar liefde, haar hart daarvoor gegee het.

Wat beteken jy vir 'n ander? Dit is nie maklik om werklik uit jou pad te gaan vir iemand anders nie! Nie vroeër nie, en sekerlik nie vandag in hierdie 'ek-tydperk' nie.

Soos Jesus

Daar is mense, Christene, wat sê: neem Jesus as voorbeeld. Alles sou beter gewees het as ons ons maar net meer deur Hom sou laat inspireer het. En is dit nie waar nie? Jesus het self só ver gegaan om Homself vir ander op te offer, dat dit Hom sy eie lewe gekos het. 'n Weldoener by uitstek! As almal Jesus se voorbeeld nagevolg het, sou hierdie wêreld 'n beter plek gewees het.

Is dit werklik so eenvoudig? Hoekom maak ons dan nie so nie? Hoekom werk ons dan nie almal, oud sowel as jonk, saam om die wêreld beter te maak nie? Wat weerhou ons daarvan om 'n beter wêreld te bou, ondanks alle Jesus-inspirasie en goeie voornemens?

Die werklikheid van hierdie wêreld wys iets anders. Wanneer 'n mens iets vir 'n ander probeer doen, is dit nie algemeen nie, maar juis 'n uitsondering. 'n Uitsondering in 'n kil, selfsugtige wêreld. Die werklikheid is skrikwekkend! Dit is al vir ons normaal dat die wêreld so is. Moet ons dit dan maar so aanvaar?

Daar is één beter pad. Wanneer jy hierdie pad wil volg, sal jy jou eers moet verdiep in die vraag

Jy kan bid tot jy blou word vir herlewing, maar jy sal dit nooit ontvang sonder die berou en belydenis van sondes in ons lewe, nie.

- Edo Stegan

hóekom Jesus aan die kruis gesterf het. Want dat die kruis van Jesus sentraal staan in die totale menslike geskiedenis, is verseker waar. En daarom, as jy Jesus slegs as 'n inspirasiebron nodig het, dan maak jy 'n karikatuur van Hom - van Hom wat die Seun van God is. Wat beteken Jesus vir jou? Is Hy jou groot inspirasie? Of is Hy – en nét Hy alleen – jou lewe?

Vir wie God baie beteken het, vir sulke mense geld dat hulle ook vir ander van betekenis kan wees.

Iemand wat slegs dien as groot inspirasie beteken nie regtig veel vir 'n mens nie. Voor jy jou weer kan kry is jy maar net weer besig met jou eie egoïstiese bestaan.

Mét Jesus

Jesus moet *jou lewe* word. Dit is die enigste moontlikheid. Die Bybel sê dat ons as mense dood is in ons sonde. Ja, daar is nie maar net 'n bietjie nie, daar is báie verkeerd met ons! Sónder Jesus, die Christus, loop alles skeef en

is ons einde die dood. Maar mét Jesus is daar lewe, die regte lewe. Jesus Christus, Seun van God, het gesterf aan die kruis. Maar Hy het ook weer opgestaan. Wie in Hom glo staan saam met Hom op uit die sonde en uit die dood. Ewige lewe!

Dit is die geheim! Ons het reeds genoem dat 'n mens iets vir 'n ander mens moet beteken. Maar eerstens moet Jesus iets vir jou begin beteken. Iets? O, Hy beteken so oneindig baie vir die mense wat in Hom glo!

Vir ander mense

In die Bybel is daar 'n gelykenis van 'n man wat 'n baie groot bedrag aan die koning geskuld het. Die koning het hom al die skuld kwytgeskeld. God wil in sy Seun al jou sondes vergewe en al jou straf kwytgskeld.

Vir iemand wie se sondes vergewe is, met ander woorde: vir wie God baie beteken het (en nog elke dag baie beteken), vir sulke mense geld dat hulle ook vir ander van betekenis kan wees.

(Hierdie artikel is geskryf vir tieners. Maak gerus 'n afdruk hiervan, en bespreek dit met u kinders)

Toewyding is nie iets wat ons aan God gee nie. Dit begin wanneer ons ons vuil hande afhaal van wat reeds aan God behoort.

- Walter B Knight

SELFLIEFDE

HJ Boiten

Kan self-liefde die basis wees vir liefde tot God en jou naaste?

Een van die oorsake van eensaamheid en depressie, vorms van psigiese nood, is volgens baie mense gebrek aan liefde vir en aanvaarding van jouself. Daarom word self-liefde in sommige (selfs Christelike) hulpverleningskringe beskou as 'n manier om hierdie psigiese nood te verlig: self-liefde as die basis vir naasteliefde. Daar is selfs 'n *gebod* tot eie-liefde. En met behulp van terapieë kan jy leer om jouself lief te hê.

Hierdie situasie roep die vraag op: is self-liefde regtig nodig vir naasteliefde? Oor hierdie vraag het die Christelik Gereformeerde prof. J.W. Maris 'n bydrae geskryf. Maris beskou eie-liefde nie as 'n opdrag nie. Dit is 'n gegewe feit wat nie veroordeel word nie, maar wat ook nie los gesien kan word van dit wat deur die sonde in ons lewe aangerig is, nie. Die Bybel beskou die liefde vir jouself as 'n sondige liefde (2 Tim. 3: 2).

Jou naaste liefhê soos jouself

Dit is opvallend dat Christelike hulpverleners eie-liefde sien as medikasie teen depressie deur 'n beroep op die dubbelgebod te doen. Die eerste en groot gebod is: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart; en die tweede gebod wat hiermee gelyk staan is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Sonder self-liefde sou jy jou naaste nie kan liefhê soos jouself nie, word daar gesê. Daarmee is self-liefde die onmisbare voorwaarde vir die naasteliefde. So word self-liefde die een saak wat al die ander gebooie van naasteliefde voorafgaan. Die vraag is dus: word



eie-liefde in die dubbelgebod as 'n gesonde en genesende krag geleer?

Dit is duidelik dat daar nie drie nie, maar twee gebooie in die samevatting van die wet is. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat. Die tweede gebod is nie om jou naaste lief te hê en jouself nie, maar jou naaste lief te hê soos jouself. Die gebooie is aan die mens gerig wat die beeld van God verloor het, wat van nature God en sy naaste haat, geneig is tot alle kwaad (Rom 3:9-18); wat die splinter elders ontdek maar die balk in eie oë nie raaksien nie; wat die tiende gee van die kruisement, anys en koljander, maar die weduwee en die weeskind kaal uittrek. Om dit volgens Calvyn te sê: die liefde tot onself maak dat ons ander mense verag en verwerp, maak dat ons wreed is en 'n bron van gierigheid, roof en bedrog is. Die eie-liefde is nie nodig om aangeleer te word nie, maar is aangebore. Eie-liefde moet in opregte liefde verander word.

Christus het baie in hierdie wêreld gesien om oor te huil, baie om oor te bid, maar Hy het niks gesien om op neer te kyk met veragting nie.

- EH Chaplin

Hierdie self-liefde kan dus nie die basis vir naasteliefde wees nie, maar moet deur die bloed en die Gees van Christus oorwin word. As iemand nou depressief gemaak is deur hom of haar te laat streef na 'n totaal onbereikbare ideaal; as iemand so met sweep en lat opgejaag is tot onmoontlike eise, dat hy of sy daardeur geleer het dat jy nie deur God of jou ouers of vriende aanvaar word as jy nie volmaak is nie, wat gebeur dan? Sal die eie-liefde dan die sleutel tot die oplossing of die medisyne tot herstel wees? Is dit nie die hele evangelie wat hier in gedrang is nie, nl. dat jy jou verlossing buite jouself in Christus Jesus soek? As ek glo dat ek deur 'n ware geloof in Jesus Christus geregtig is, en dat al kla my gewete my aan dat ek swaar teen God gesondig het, God my nogtans die geregtigheid en heiligheid van Christus gee – hoe pas dit in by hierdie leer van die eie-liefde? En omgekeerd? Is die heerlike van die evangelie nie juis dat selfs die eie-liefde geen voorwaarde vir die verlossing is nie? Daar is troos vir depressiewe mense nog voordat hulle genees word!

Hierdie self-liefde kan dus nie die basis vir naasteliefde wees nie, maar moet deur die bloed en die Gees van Christus oorwin word.

Om iemand te leer streef na 'n absoluut onbereikbare ideaal, iemand met sweep en lat op te jaag tot onmoontlike eise, is mos geheel en al wettisisties. Dit is 'n harde, koue en wrede wet sonder liefde. Mens kan dit ook anders stel: dit is die naasteliefde wat hier ontbreek. So word die wet losgemaak van die liefde en die belofte van Christus en verander ook daardeur van karakter. In so 'n situasie is eie-liefde nie die

regte medikasie nie, maar om te leer van die liefde van God vir sondaars, die liefde van Christus wat nie Homself gesoek het nie, maar homself vir sondaars aan die kruis oorgegee het. En 'n mens kan ook leer uit die liefde van opregte Christene wat in navolging van Christus nie hulleself eerste gestel het nie, maar van jou hou sonder enige voorwaardes.

Afkeer van jouself?

Maar, sal hulpverleners miskien sê, ons word te veel gekonfronteer met mense wat 'n afkeer van hulleself het, sodat hulle in die mees diepe depressies selfs tot selfvernieting sou kon oorgaan. Daar bestaan inderdaad sieklike selfhaat en die hulpverleners wil tereg ons oë daarvoor oopmaak. Daarom pleit baie vir selfaanvaarding, 'n gesonde eie-liefde - laat mense toe om weer van hulself te hou.

In hierdie verband het ek meermale daarvoor gepleit om duidelik te onderskei tussen 'selfaanvaarding' en 'self-liefde'. 'n Meisie moet byvoorbeeld leer om haarself as meisie en vrou te aanvaar, hoe moeilik dit soms ook al mag wees. En dit geld natuurlik ook vir 'n seun. Die daad van 'selfaanvaarding' moet jy onderskei van dit wat ons hierbo bespreek het van die 'self-liefde'.

Tog moet ons ook meer oor hierdie selfaanvaarding sê. Dit bly maar 'n bleek en skraal woord, ook nie so 'n duidelike woord. 'n Mens aanvaar immers nie jouself nie, maar God se gawe aan jou, en God se weg met jou. Wie is dit wat ons geslag, ons ouderdom, afkoms en talente bepaal? Ons bely God se voorsienigheid. God wat in ewige liefde mense na sy beeld skep en herskep, onderhou en regeer. En dan mag ons probeer leer om God se wyse beskikkings en liefdevolle bestuur te aanvaar, ook soos dit tot uiting kom in iemand se geslag, afkoms en tal-

Bekering is 'n diep werk – 'n harts-werk. Dit gaan dwarsdeur die mens, dwarsdeur die verstand, dwarsdeur alle liggamsdele, dwarsdeur die hele lewe.

- Joseph Alleine

ente. Is dit nie wonderlik as selfveragting en selfafwysing dan plek maak vir selfaanvaarding en selfaanneming nie?

Maar dit is iets wat ons moet leer. God die Vader hou van jou en sorg vir jou in alle groot en klein dinge - selfs vir die hare van jou hoof. Hoekom sou jy dan nie jou hare was en borsel nie? Ons is in onself nie die verlossing werd nie; ons verdien deur die sonde God se vloek en die ewige dood. Onverdiende saligheid het ek van my God gekry. Ons is deur Christus gekoop en betaal. Ons waarde gaan nie aan die lyding en dood van Christus vooraf nie, maar is die vrug daarvan. Ons waarde word nie bepaal deur onself nie, maar deur die feit dat God ons geskep en Christus sy lewe vir ons gegee het. Daarom is ons dood kosbaar in die oë van die Here (Ps. 116). Wat 'n groot liefde van ons Heiland en van sy Gees! Die Heilige Gees kom woon in ons liggaam en laat die vrug van sy Gees in ons ryp word. Ouers mag sekerlik hul kinders ook aanprys en goeie werke beloon! (vgl. Rom 13: 13, 1 Petr. 2: 14; Spreuke). Die liefde gee blydschap aan die kinderlike geloofsluwe en dra ons deur ons depressiwiteit.

Maar leer die formulier van die Heilige Nagmaal ons nie dat ons 'n afkeer van onself moet hê nie? Nee, dis nie hoe die formulier dit vir ons

leer nie. *Vanweë sy sonde* sal iemand 'n afkeer van homself kry en hom voor God verootmoedig (vgl. Ook art. 15 NGB). Hoe ernstig die sonde is blyk hieruit: nie alleen afkeer van die sonde nie, maar ook vanweë die sonde afkeer van onself. Sodanig word die mens deur die sonde aangetas. As mens die element van die sonde nie in ag neem nie, hoe sal ons dan by die regte diagnose en medikasie uitkom?

'n Mens aanvaar immers nie jouself nie, maar God se gawe aan jou, en God se weg met jou.

Het God ons dan nie lief met ál ons sonde nie? Ja, seker, maar dit spreek nie vanself nie. Dit is sy genadige liefde. Christus het (let goed op!) vir ons gesterf toe ons nog sondaars was. Christus moes sterf. Niks minder as dit nie.... So groot was en is God se toorn oor ons sonde. Daarom moet ons die "afkeer van homself vanweë die sonde" soos in die formulier, handhaaf, maar dan met die betekenis wat die formulier self daaraan gee. Naamlik, in die lig van God se liefde vir sondaars. God se liefde in Christus genees. Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Die duidelikste teken van ware bekering is nederigheid.

- J.C. Ryle

DIE BYBEL OOR JONGMENSE

WS Smouter



Ons bespreek in hierdie artikel wat die Bybel oor jongmense sê, en die manier waarop ouer mense, in lyn met die Skrif, met die jonger geslag behoort om te gaan. Ons sal 'n paar gedeeltes in die Skrif oopslaan wat gaan oor die plek van jongmense in die volk van God, en veral oor vrae wat kinders en die opgroeiende jeug stel.

Maar eers net die hooflyn. Die hooflyn van wat die Skrif oor jongmense sê, is dit: hulle is heeltemal ingesluit - jongmense, selfs die kinders, hoort by die gemeente. En dit is nie bedoel as 'n beleefde opmerking, so asof gesê word: *ook* die jongmense word ingesluit, nie. Of dat die dominee moet sê: broeders en suster, *seuns en dogters*, nie. Begryp goed, die dominee mag dit gerus sê, maar dan nie asof hy daarmee twee verskillende groepe aandui: broeders en susters aan die een kant, en aan die ander kant seuns en dogters, nie. Want ek is bevrees dat dit die manier is waarop ons wêreld so maklik sê: jongmense is *ook* ingesluit.

Daaragter skuil: 'die volwasse wêreld is die eintlike, die egte werklikheid, tog is ons so openhartig, en daarom mag die jongmense ook ingesluit word'.

Deur die beskikking van God

In die Bybel is dinge egter totaal anders. Want wat is die wesenlike van die manier waarop volwassenes tot die volk van God behoort? Dit: dat God so genadig was om ons daarby te betrek, om Hom aan ons te verbind en sy verbond met ons te sluit. En dit geld nie vir ouer mense en vir jongmense, as twee groepe nie, maar dit geld vir ons almal, kop vir kop, wat kinders van één Vader is. In die manier waarop ouer mense en jongmense aan God se verbond behoort, staan ons volledig langs mekaar. Dit is deur God se genadige verkiesing. U sien dit in die verbondsluiting met Abraham en met sy kinders. Toe God met Abraham 'n verbond sluit, wag Hy tot Abraham in 'n diep slaap val. Sê maar gerus: tot hy soos 'n kind was. Dit was God se beskikking, sy onvoorwaardelike genade, dat die verbond opgerig is. En as die Here dan daarna gebied dat die nakomelinge van Abraham, op die leeftyd van agt dae, as teken van die verbond besny moet word, is dit wesenlik nie anders nie. En, voeg ek hier by, vir die Nuwe Testamentiese gelowige wat die saak goed verstaan, is dit ook nie anders nie. *“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God”*.

Erfdeel van die Here

Ek sou hier wil noem dat die uitdrukking 'die

Hy wat oor sonde huil sonder 'n getuie, huil opreg.

- George Swinnoek

kinders is ingesluit' presies aansluit by ons eietydse lewensbesef. Maar, as jy na die Bybelse betekenis daarvan vra, dan kom die kinkel wat ons laat struikel, naamlik: kinders is ingesluit, nie omdat hulle ook mondig geag word nie, maar omdat ons beide van God afhanklik is. God het vanaf ons geboorte 'n aanspraak op ons. Ons staan nie vry teenoor Hom nie, maar met 'n roeping teenoor Hom. En *daarom* is ons ingesluit - van kindsbeen af.

Om dit met 'n voorbeeld te verduidelik: 'n Grondspreuk uit die populêre opvoedingsleer is: 'U kinders is nie u kinders nie' bedoelende daarmee 'hulle behoort nie aan u nie, maar ... aan hulleself'. Vanuit die Bybel gesien, sou ons die spreuk kon oorneem, maar met 'n besliste ander betekenis: 'U kinders is nie u kinders nie ... want hulle behoort aan die Here'.

...die belangrikste beslissings ten opsigte van die opvoeding van jeug reeds in tydperk daarvoor geneem word.

In dié verband verwys ek na Psalm 127, waar van kinders gesê word dat hulle " 'n erfdeel van die HERE' is. Die uitdrukking beteken méér as net dat ons hulle van die Here ontvang. Met *erfdeel* word in die Bybel deurgaans die land bedoel, daardie deel van Kanaän wat God aan 'n familie toegesê het. Deurgaans word van daardie land gesê dat die Israeliete regtig volledig van die opbrengs daarvan mag geniet, maar dat dit nooit hulle eiendom word nie. Dit is nie iets wat jy mag opmors of van afstand kan doen nie. "Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne" (Lev. 25:23). Die feit dat die land 'n 'erfdeel' is, maak dit vir die Israeliet tegelykertyd 'n gawe én 'n

opdrag. Toevertroude goedere.

Nou goed, kinders is volgens Psalm 127 'n erfdeel van die Here. Dit is met hulle natuurlik anders gesteld as met 'n stuk grond. Jy het immers nie kinders vir die opbrengs nie. Maar dít bly waar: geniet gerus u kinders, maar dink terselfdertyd aan Hom wat die erfdeel gegee het, en wat die laaste Eienaar daarvan bly. U kan só daaraan dink: soos die grond nie van die hand gesit kon word nie, so kan ons ons nie van ons kinders losmaak deur te sê 'laat hulle maar self kies' nie. Dit is veels te goedkoop vir iets só kosbaar soos 'n erfdeel van die Here.

Nie 'n krat vol individue nie

Ouers het 'n verantwoordelikheid om die geloof deur te gee, ook al is dit dan 'n verantwoordelikheid met mensemate gemeet. Want om geloof aan 'n ander te gee, dit kan niemand nie, selfs nie aan jou eie kinders nie. Maar dit is nietemin 'n saak wat ouers ter harte moet neem. Die Bybel gee dan ook steeds aandag aan die vraag of kinders later nog sal begryp hoe goed die Here vir sy volk was. Aandag, dus, vir die onderrig van jongmense. By die uittog uit Egipte word byvoorbeeld gesê wat die Israeliete later aan hulle kinders moet sê, wanneer hulle vra wat die Paasfees beteken. By die deurtog deur die Jordaan word klippe gepak as 'n herinnering, waarby Josua dit by die mense inprent wat hulle later daarvoor aan hulle kinders moet sê. Ten slotte is één van die bedoelings van die Psalms, dat die volgende geslag sal weet: Die Here is onse God. Dink maar aan Psalm 78: "Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het".

Die aandag aan jongmense in hierdie

Vóór Christus ... is 'n mens lief vir dinge en gebruik hy mense; ná Christus ... is hy lief vir mense en gebruik dinge.

- Horace Wood

Skrifgedeeltes, sien u, beteken dat die toekoms vir die Bybelskrywers 'n lewende werklikheid is. Anders sou hulle nie so begaan gewees het oor die vraag hoe die volgende geslag teenoor God sou staan nie. Nou stel hulle die jongmense in die ry van die geslagte, en nie maar net in 'n bondel, soos in 'n krat vol individue nie. Daaruit leer ons om in ons geloof verder te kyk as wat ons neuse lank is, of liever, verder as wat ons eie lewe lank is. Die Bybel gaan ons daarin voor, om sorgvuldig daaraan aandag te gee of jongmense die HERE nog goed sal ken.

Maar ons moet ook let op die *manier waarop* ons, na die Bybel se voorbeeld, ons verantwoordelikheid teenoor die jongmense nakom. Ek wil twee Bybelse voorbeelde behandel. In altwee gaan dit oor vrae van jongmense, elkeen op 'n totaal ander manier gestel.

Vertel geskiedenis

Die eerste voorbeeld vind ons in Josua 4, wat vroeër genoem is. Dit is die geskiedenis van die deurtog deur die Jordaan - die beslissende stap, die beloofde land in. By dié geleentheid het Josua, in opdrag van die Here, twaalf groot klippe uit die middel van die Jordaan laat saamneem en hulle laat stapel by Gilgal, in die beloofde land. So word dié plek, en dié gebeurtenis, gemerk met 'n klipmonument - dit mag nie vergeet word nie! Dit was nie net die uitkoms vir die toe nog lewende Israëliete nie, maar ook die volgende geslagte moes daarvan weet. Dit word dan bevestig met die uitleg wat Josua daarby gee: *“Wanneer julle kinders later*

hulle vaders vra en sê: Wat beteken hierdie klippe? dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê: Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek, deurdad die HERE julle God die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, soos die HERE julle God gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het; dat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die HERE sterk is, sodat julle die HERE julle God altyd mag vrees”.



Sien u wat dit beteken? Baie geslagte later nog, sou ouers wat met hulle kinders by Gilgal kom, met die vinger kon wys: Kyk, daar het die water voor *julle* opgedroog, daar het Hy *julle* deur laat trek. Hulle moes dit dus nie onbetrokke doen nie. Nie met 'n string name en feite wat jy uit jou kop moet leer nie. Sekerlik nie met die gruwelike onbetrokkenheid wat ek in sommige skoolboekies teëkom nie. Nie iets soos: ‘Die mense van destyds het geglo dat hulle nie uit eie krag Kanaän ingekom het nie, en hulle het dit toe aan God

toegeskryf’. Want so soek jy daarvoor dat die jongmense hulle neus optrek vir die daad van God.

Uit hierdie teks is duidelik dat die ouers hulle kinders moes betrek, deur te sê: Die HERE, *julle* God, het op hierdie plek die water van die Jordaan voor julle laat opdroog, en só kon julle in hierdie mooi land kom woon. Kortom, hulle moes wys wat die geskiedenis vir die kinders beteken.

Ek dink dat daarin 'n belangrike voorbeeld is vir die manier waarop ons aan ons kinders die

Geen mens kan ooit in die hemel kom, voordat hy nie eers oortuig daarvan is dat hy die hel verdien nie.

- John W Everett

Bybelse geskiedenis vertel. Dit geld ook, en veral, wanneer ons oor die feite van die Nuwe Testament, soos oor Jesus, sy wonders en sy liefde, en ook sy sterwe en opstanding, vertel. Ons mág dit nie vertel soos 'n onwerklike sprokie van vroeër nie, want, om die woorde van Johannes te gebruik, "*hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God*". U kan, byvoorbeeld, ook dink aan die droom van Paulus, waarin hy geroep is om na Europa oor te kom en dáár die Evangelie te verkondig. Daarby het óns gebaat, hier in die verre Afrika. Paulus het toe na óns toe gekom!

Kinders en kerkverlaters

Op hierdie punt onderbreek ek eers, want ek kan my voorstel dat u dink dit gaan nou net oor vertelling aan *kinders*, terwyl ons in hierdie artikel praat oor jongmense. Daarby dink mens tog meer aan opgroeiende jeug, byvoorbeeld in jeug in hulle puberteit. Inderdaad lyk dit asof die meeste tekste waaroor ek tot dusver gepraat het, oor die jonger jeug gaan, sê maar die kinders. Dit wys in elk geval duidelik op die belang van die onderrig aan die jonger jeug!

Maar dit sê ook baie oor die onderrig aan die ouer jeug. In 'n boeiende lesing van H. Algra wys hy daarop dat in baie gevalle die belangrikste beslissings ten opsigte van die opvoeding van jeug reeds in tydperk daarvoor geneem word. Met ander woorde: geloofsvrae en kerkverlating mag miskien eers na puberteit plaasvind, maar dit word deur 'n baie belangrike kindertyd voorafgegaan. Ek haal hom aan: 'Kinderopvoeding ken sogenaamde kritieke periodes; dit geld ook vir opvoeding in die geloof. Vroeg-kinderlike geloof kan 'n veilige basis vir die latere geloofsontwikkeling beteken'.

My oortuiging is dus dat die Bybelse aandag vir geloofsoordrag aan kinders alles te doen het

met die onderwerp van kerk en jongmense.

Nietemin is dit natuurlik so dat baie ouers steeds met die probleem van kritiese vrae te doen kry as hulle kinders jong mense word.

'Watse gebooi is dit?'

Ek wil nie in die minste die indruk wek dat ek sonder meer kan vertel hoe dié probleme opgelos moet word nie. Wel wil ek opnuut 'n Skrifgedeelte noem, wat hierop kan lig werp. Ek dink hier aan Deuteronomium 6, die bekende hoofstuk waarin liefde tot God die groot gebod genoem word. Vanaf vers 20 gaan dit daar oor 'n soort 'vraag van jongmense' wat herinner aan wat Josua by die Jordaan beskryf. Maar tog verskil die toon daarvan. Sê maar gerus dit is meer ondersoekend. Ons lees daar die volgende: "*As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuïenisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het?*" dan moet jy sus en so antwoord.

As daar na die 'waarom' van die gebooi gevra word, moet ouers begin deur te vertel wat God vir hulle beteken.

Voel u die verskil? Hier het ons nie te doen met die outomatiese aanvaarding van kinders nie. Hier vra 'n seun, en dit lyk amper asof hy 'n bietjie ouer is as die kinders by die Jordaan: 'Wat se wette is dit eintlik wat God julle opgelê het?' U hoor die meer kritiese toon: 'Wat se insettinge is dit? Waaroor gaan dit nou eintlik?' U hoor ook 'n bietjie die afstand wat geneem word: wette wat God *julle* opgelê het. As die diens aan God in die belewing van jongmense 'n las op ons nekke geword het, dan word dit baie belangrik om hieroor te praat; as hulle hul van hulle ouers

Christus sal vir ons 'soet' wees as sonde vir ons 'bitter' is.

- Matthew Henry

distansieer en vra: 'hoekom maak julle eintlik so?'

Nou moet u daarop let dat Moses se antwoord in styl verskil van dit wat Josua adviseer. Josua laat die ouers sê: hier het God *julle* deur die Jordaan gelei. Moses laat die ouers op die kritiese vrae in die 'ons'-vorm antwoord: "*Ons* was slawe van Faraó in Egipte; maar die *HERE* het *ons* deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei. En die *HERE* het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor *ons* oë in Egipte aan Faraó en sy hele huis gedoen. En Hy het *ons* daarvandaan uitgelei om *ons* in te bring, sodat Hy *ons* die land kan gee wat Hy aan *ons* vaders met 'n eed belof het".

Sien u die styl waarin Moses die ouers adviseer om te antwoord? Dit is die styl van 'ons'. As daar na die 'waarom' van die gebooie gevra word, moet ouers begin deur te vertel wat God vir hulle beteken. In woorde van ons tyd gesê: antwoord vanuit u eie betrokkenheid. Laat sien waarom die gebooie vir u iets beteken, naamlik omdat u die God ken wat die gebooie gegee het; dat u vas glo dat dit nie bloot gaan oor reëls wat God op u nek gelê het nie, maar oor wette ter wille van die lewe, woorde van die God wat ons vrygemaak het en die goeie vir ons bedoel. Ons lees die verdere woorde van Moses: "*En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is*".

Die gebod in u hart

Dit behoort nou duidelik te wees dat om só op vrae van jongmense te antwoord 'n ander storie is as om net te sê: 'jy moet kerk toe gaan want dit is die gewoonte in ons gesin'. Dit kom veel meer aan op die vraag: waar staan 'n mens self? Dit is duidelik dat om oor *jou* geloof te praat, iets

is wat jy nie aan die dominee kan oorlaat nie. Daarom is dit wat Moses pas tevore in die hoofstuk gesê het, so ryk aan inhoud: "... hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in *jou* hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek". Daar is 'n onomkeerbare volgorde. Die gebod (en veral die gebod om God lief te hê) moet eers in u eie hart wees, dan kan u dit by u kinders inprent, en dan kan u daarvoor praat. So nie, is dit 'n onbegonne taak.

Ten slotte. Dit sou u opgeval het dat, wanneer ons die Bybel naslaan oor die tema 'kerk en jongmense' 'n mens nie veel vind oor 'n taak wat die kerk spesifiek met betrekking tot jong mense sou hê nie. Ek bedoel hiermee dat daar nie gepraat word oor iets 'anders' as vir die gewone gemeente nie, en ook nie iets wat spesiaal 'aangepas' is vir die jong mense nie. Ek het ook 'n bietjie na die Nuwe Testament gekyk, maar ek kom slegs een jongmens daar teë van wie afsonderlik vertel word dat hy in die kerk was. Dit is 'n sekere Eútichus wat by die venster uitgeval het toe hy aan die slaap geraak het, omdat die preek so lank was!

Maar waar die nadruk wel op val, ook in die Nuwe Testament, is dat die jongmense van Godswêë ingesluit is. Van die kleintjies wat in die arms van gelowige ouers na Jesus gebring word, tot die jongmense aan wie Johannes skryf: "*Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het*".

Die krag van die opgroeiende jeug is die vrug van die Woord van God, wat die jongmense éérs tuis moet hoor, op 'n manier waaruit die betrokkenheid van die ouers spreek, en daarna ook in die kerk, as deel van die gemeenskap van die heiliges.

Moet geen vonnis voltrek wat jy nie in geloof vir God kan vra om te bevestig nie.

- Matthew Henry